IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: A.789/2007

DATUM: 29 FEBRUARIE 2008

In die saak tussen:

NATION DUMANI — 1ste Appellant

NELSON BANISE — 2de Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

---

## UITSPRAAK

ROUX, WnR:

Die appellante is beide aangekla op twee aanklagte, te wete roof met verswarende omstandighede en poging tot moord. Die verhoorlanddros het op 12 Maart 2003 beide appellante skuldig bevind op die eerste aanklag. Die eerste appellant is ook skuldig bevind aan aanranding op die tweede aanklag. Die tweede appellant is vrygespreek op die tweede aanklag.

Wat die tweede aanklag betref, blyk daar 'n mate van onsekerheid te bestaan oor welke van die twee appellante die landdros bevind het daaraan skuldig te wees – op bladsy 206 van haar uitspraak lees dit inderdaad soos volg:

> "Beskuldigde 2 op aanklag 2 skuldig is aan (onduidelik) skuldig is aan aanranding en dat beskuldigde 2 op daardie aanklag vrygespreek is."

Dit is óf 'n weerspreking óf 'n tikfout. Uit die vonnis blyk dit egter dat eerste appellant skuldig bevind is op die aanklag van aanranding en gestraf is tot 'n bykomende twaalf maande gevangenisstraf. (Bladsy 209 van die rekord.) Die verhoorlanddros het beide die appellante gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf op die eerste aanklag. Die appellante kom nou in hoër beroep teen hul skuldigbevinding en vonnis.

Ek is van mening dat die Hof *a quo* tereg die appellante skuldig bevinding het aan roof met verswarende omstandighede. Wat die eerste appellant betref, was daar oortuigende getuienis van die klaagster dat sy hom uitgeken het, beide tydens 'n uitkenningsparade en in die hof. Daarbenewens is dit gemenesaak dat hy in die voertuig was waarin haar aanvallers van die toneel gevlug het.

Daar is ook, in die geheel beskou, oortuigende getuienis van die polisiebeamptes dat eerste appellant, nadat die polisie die betrokke voertuig gestop het, weggehardloop het en hom probeer versteek het. Hy het ook nie betwis dat van die gesteelde goedere op hom gevind is nie en dat waar hy agter in die voertuig gesit het, 'n pistool gevind is nie. Hierdie getuienis dui oorweldigend daarop dat hy betrokke was in die roof. Die landdros se hantering van die getuienis kan nie fouteer word nie.

Wat die tweede appellant betref, is dit ook nie betwis dat hy in die betrokke voertuig was nie. Die klaagster het hom ook in die hof uitgeken en grondige redes verskaf waarom sy hom kon uitken, alhoewel sy hom oënskynlik nie by 'n uitkenningsparade uitgeken het nie.

Daarbenewens was daar, in die geheel beskou, ook die getuienis van die polisiebeamptes tot die effek dat ook hy, nadat die betrokke voertuig gestop is, gevlug het en homself probeer versteek het in nabygeleë bosse. Die getuienis is ook nie betwis dat waar hy links voor in die betrokke voertuig gesit het, 'n pistool gevind is nie. Die landdros het tereg verwys na inherente onwaarskynlikhede in sy getuienis, wat daarop dui dat hy leuenagtig was, byvoorbeeld sy getuienis van hoe dit gekom het dat hy die betrokke dag in die voertuig was. Dit val

ons uiters onwaarskynlik op dat kort nadat twee persone 'n gewapende roof gepleeg het en van die toneel vlug, hulle toevallig 'n ryloper sal optel, soos wat die tweede appellant wou beweer. Dit maak gewoon ook nie sin dat die linker voorsitplek dan oop sal wees inaggenome die feit dat daar toe reeds twee persone in die voertuig was nie.

Wat betref gebeure nadat die voertuig gestop is, kan ek nie fout vind met die landdros se evaluering van die getuienis van die polisiebeamptes in hul geheel beskou nie. Die getuienis van die polisie dat die tweede appellant ook van die toneel weggevlug en hom probeer versteek het, word inderdaad bevestig deur 'n aantekening wat inspekteur Smith gemaak het.

Ek sou gevolglik beide appellante se appèl teen die skuldigbevinding op die eerste aanklag van die hand wys.

Wat die eerste appellant se appèl teen die skuldigbevinding op aanranding betref, het ek reeds verwys na die oënskynlike teenstrydigheid in die uitspraak. Dit is duidelik dat dit die tweede appellant was wat die vuurwapen op die klaagster gerig het en die sneller getrek het. Dit is inderdaad wat die landdros bevind het. Daar bestaan 'n mate van onsekerheid 'n daardie verband. Myns insiens het die landdros bedoel om die tweede appellant skuldig te bevind aan aanranding en nie die

eerste appellant nie. Dit blyk egter uit die rekord dat die eerste appellant op hierdie aanklag skuldig bevind is.

Hierdie aspek is egter nie spesifiek in die kennisgewing van appèl aangespreek of uitgelig nie en geeneen van die advokate het dit in hulle hoofde aangespreek nie. Hoe dit ook al sy, in die omstandighede sou ek die appèl teen die skuldigbevinding van die eerste appellant op aanranding handhaaf.

Dit is geykte reg dat 'n hof van appèl se bevoegdheid om in te meng in straftoemeting beperk is. Die hof van appèl sal slegs inmeng by die vonnis van 'n verhoorhof indien die verhoorlanddros sy diskresie op 'n onbehoorlike of onredelike wyse uitgeoefen het of indien die opgelegde vonnis steurend en skokkend onvanpas is. (Sien S v MALGAS 2001(1) SASV 469 (HHA) 478d-h.)

Die verhoorlanddros het by die oplegging van gepaste vonnisse gekyk na die ernstigheid van die misdryf, die gemeenskap se belange in daardie verband en die appellante se persoonlike omstandighede en daardie aspekte inaggeneem. Na my mening het die verhoorlanddros nie haar diskresie op 'n onbehoorlike of onredelike wyse uitgeoefen nie en is die vonnis wat die appellante opgelê is nie steurend of

skokkend onvanpas nie. Gevolglik sou ek appellante se appèl teen die vonnis wat deur die verhoorlanddros opgelê is, van die hand wys.

Bygevolg sou ek die volgende bevel maak:

1. Die appèl slaag gedeeltelik.
2. Beide die appellante se skuldigbevinding op die eerste aanklag word bekragtig.
3. Die eerste appellant se skuldigbevinding en vonnis op die tweede aanklag, te wete aanranding word tersyde gestel.
4. Beide die appellante se appèl teen die vonnis opgelê op die aanklag van roof met verswarende omstandighede word van die hand gewys.

..............................................

ROUX, WnR

<u>DESAI, R</u>: Ek stem saam. Net om die bevel te herhaal:

1. Die appèl slaag gedeeltelik;
2. Beide die appellante se skuldigbevinding op aanklag 1 word bekragtig;

3. Die eerste appellant se skuldigbevinding en vonnis op aanklag 2 word tersyde gestel. Die vonnisse opgelê ten opsigte van aanklag 1 ten opsigte van beide appellante word bekragtig.

..........................................................

DESAI, R